**Nouveau Kollege & Pikanini Kampus**
R362, Karoovlak
Vredendal
8160

*Excelsius* — Nouveau Kollege

*26 Jaar van Gehalte: 1998 tot 2024*
Telefoon: 027 470 0117
Skoolhoof: hoof@nkollege.co.za
Administrasie: admin@nkollege.co.za
Pos: Posbus 553, Vredendal, 8160

Omsendbrief: 1/2024



IN HIERDIE OMSENDBRIEF

- WELKOM TERUG BY NOUVEAU KOLLEGE
- NUWE AANSTELLINGS
- KALENDER VIR EERSTE KWARTAAL
- ***FOTO'S*** – VERTEL 'N STORIE
- SMART BRAIN
- ROBOTIKA
- WEEKLIKSE TOETSE
- LEERDERLEIERS IS OPGELEI
- ATLETIEK SEISOEN
- BELANGRIKE KENNISGEWING

**Welkom, by ons skool !**

## WELKOM TERUG BY NOUVEAU KOLLEGE



Hierbo sit die manne van ons 2024 Graad 1-klas en hier links sit die dames van dié klas. Juffrou Nettie weet hoe om dit lekker te maak vir hierdie nuwe gesiggies in die ***groot*** skool.

**Ons heet alle leerders, ouers en personeel welkom by Nouveau Kollege. Mag 2024 elkeen se beste verwagtinge oortref.**

## NUWE AANSTELLINGS

Ons skool is opgewonde oor twee nuwe aanstellings! **Me. Ronél Lesch** behartig hoofsaaklik die onderrig van tale en sy kan spog met 'n bewese rekord van prestasies op hierdie vlak. Ons weet ons leerders sal gou by haar aanklank vind en lief raak vir tale en wat daarmee gepaard gaan.

**Me. Louise Davis** is aangestel as kunsonderwyser. Sy is 'n uiters bekwame onderwyser en 'n ook 'n kunstenaar in eie reg. Juffrou Davis is ook een van die stigterslede van KLAWER KUNSTE, wat hierdie jaar vir die 19de keer aangebied word. Haar insette daar kan beslis nie gering geskat word nie.

## KALENDER VIR EERSTE KWARTAAL

Die kwartaal kalender vir die eerste kwartaal is reeds aan alle ouers gestuur. Ons het dit weer in die ou formaat gestuur, aangesien ouers die formaat bo die datumlys verkies het. Bestudeer asseblief die gebeure van die eerste kwartaal en ***wees asseblief betrokke by Nouveau se aksies***.

## FOTO'S




Die afgelope tyd word daar kort-kort berig van top-presteerders van oud-Nouveauers. Daar is ongelukkig soms kopiereg op plasings en ons mag die artikels nie kopieer nie.

Aan **Hoërskool Lutzville** het nog 'n Oud-Nouveauer goed presteer, ten spyte van sy eie uitdagings. Die volledige artikel het in Die Burger van Saterdag, 20 Januarie 2024 verskyn. **Nouveau is super trots** op wat **Henco Duvenage** bereik het en hy het reeds begin werk by sy besigheid, ***SPECKLED TORTOISE***, waar hulle allerhande goed herwin op Vredendal.

## SMART BRAIN

Nouveau Kollege brei hierdie jaar die aanbieding van SmartBrain uit na grade 2 en 3. Leerders tot en met graad 3 kan dus nou van dit gebruik maak. Die leerders het reeds inligting ontvang en die skool ontvang nou inskrywings van ouers van **GRAAD R- TOT 3-leerders**.

Smartbrain hervat Maandag, 22 Januarie, by Nouveau Kollege. Ouers moet asseblief onthou om, indien jou kind reeds 'n boek het, dit saam te stuur. Dit was by verlede jaar se verslag in die koevert. Dit is baie belangrik, want ons gaan aan waar ons verlede jaar gestop het. Die klasse kos R550 per kwartaal en is streng vooruitbetaalbaar.

## ROBOTIKA

Die graad 6 en 7-leerders het verlede week afgeskop met hul amptelike ROBOTIKA-klasse. Ons kan sien dat hierdie nuwe benadering tot die onderrig van tegnologie baie vir die leerders van Nouveau gaan beteken. Die leerders se belangstelling word goed hierdeur geprikkel.

**Op die foto hiernaas, bekyk Eric en Ian die toerusting waarmee hulle gaan werk. Praat van gefokus!**



## WEEKLIKSE TOETSE

Op versoek van ouers, het ons besluit om weer die weeklikse toetse in te tel. Die toetse moet dien as voorbereiding vir die afneem van die FORMELE ASSESSERINGS TAKE (FAT'e). Ouers en leerders moet bewus wees dat hierdie weeklikse toetse nie die enigste toetse is wat afgelê word nie. Die personeel sal die geskeduleerde toetse laat afneem en fokus op die verskillende tipe vrae, vrae van verskillende moeilikheidsgraad en hoe vrae beantwoord moet word.

Daar is ook gereelde toetse om spelling, wiskundige- en taal konsepte te toets en om vas te stel waarmee die leerders nog sukkel. Assessering het altyd 'n spesifieke doel en moet ernstig opgeneem word.

## DIE LEERDERRAAD IS OPGELEI

Op Saterdag, 20 Januarie 2024, is die leerder-leiers opgelei deur Me. Marí Weideman. Die opleiding het by die skool plaasgevind en die leerders het hierdie aksie-belaaide opleiding geniet.

Die skool kan nou die opgeleide leiers gebruik en verder ontwikkel om goeie leiers te wees.

**Hierdie span is 'n WENSPAN.**



## NOUVEAU *FACEBOOK*-BLAD en *WEB*-BLAD

Leerders, ouers, personeel en ander skoolvriende word genooi om van Nouveau Kollege se ***Facebook*** en Webblad gebruik te maak.

Ons sien daarna uit om baie meer aktief te wees gedurende 2024.

Plasings op ***Facebook*** word behartig deur Me. Johanita Stemmet en Me. Suné van Huyssteen. Voorts is ons besig om plasings en opgraderings ten opsigte van ons webblad te finaliseer en die nuwe inligting sal binnekort op die webblad, **www.nkollege.co.za**, verskyn. Daar sal gebruikers ons omsendbriewe, tariewe, programme en vele meer kan besigtig. Die skool se prospektus sal ook daar aangebring wees. Ons beplan om alles teen 1 Februarie 2024 korrek en geplaas te hê.

## ATLETIEK SEISOEN

**Die eerste kwartaal word gekenmerk deur atletiek. Daar word baie agter die skerms gedoen voordat die leerders die eerste byeenkoms beleef. Baie dankie aan al die personeel, ouers en die beheerraad wat reeds gedurende die skoolvakansie hulle moue opgerol het om die nodige te doen.**



Eerskomende Vrydag en Saterdag, 26 en 27 Januarie 2024, onderskeidelik, sal die atletiek afskop met die Kleure byeenkoms, gevolg deur die Sone-byeenkoms en die NWB-byeenkoms. Ouers en leerders se aandag word op die volgende gevestig:

Vrydag 26 Januarie Die volgende items word afgehandel. **Verspring, Diskus, Spies en 1200m**
Ons begin om: 07:30

Saterdag 27 Januarie Alle leerders moet by die skool wees om: 06:00
Optog begin stiptelik by die hekke van rugbyveld 07:00
Eerste item sal stiptelik begin 07:30

Leerders kan enige groen/blou klere aantrek om hul span uit te beeld.

Ouers is BAIE WELKOM om beide dae te kom kyk hoe die leerders presteer. Onthou asseblief om genoeg water, sonskerm en 'n hoed saam te bring. Dit gaan warm wees.

## BELANGRIKE KENNISGEWING

Nouveau Kollege is 'n privaatskool en daar is deeglike toegangsbeheer van toepassing. Ons plaas 'n hoë premie op die personeel en leerders se privaatheid en veiligheid.

Ons rig 'n vriendelike versoek aan ALLE ouers en besoekers aan die skool dat die volgende nagekom word:

Eerstens moet alle besoekers toegang verkry deur die knoppie te druk by die motorhek voor die skool.

Tweedens moet alle besoekers, nadat hulle toegang verleen is, aanmeld by die ontvangs, Me. Rinette Cloete.

Derdens oortree besoekers die beleid indien hulle direk na enige lokaal stap of binnegaan. Hierdie beleid is ook van toepassing op besoeker wat die Pikanini Kampus wil besoek.

Om deeglike kontrole te verseker, word alle bewegings op die terrein op geslote kringtelevisie, vasgelê.

Ons leerders eerste!

PJ ESTERHUYSE
SKOOLHOOF
Saterdag 27 Januarie 2024